Ps. 105: 1, 3.
Ges. 52: 9
Ges. 156: 1, 4.

## Ware Xt. Eenheid

Kol. 3: 1-17
1 Kor. 12: 12-25

[Wt. Des 1940.

Kol. 3: 11 — .. waar daar nie Griek en Jood, besnedene & onbesnedene, barbaar, Scith, slaaf, vryman is nie; maar Xt. is alles en in almal.

Inl.: Goedgedink om paar gedagtes te wissel oor ware Xt. eenheid na aanl. v. Kol. 3: 11, omdat ons lewe in 'n tyd waarin die gevaar dreig dat wêreldlike verskille beklemtoon & selfs soms verheerlik word ten koste v. ons eenheid in Xt. Jesus. Die uiteind. gevolg daarvan is verwaarde geskille, stryd op lewe & dood waarin Xtne teen Xtne gekant staan. Oral vandag merk ons dd. pynlike toestand van sake van gebrek aan waaragtige opregte, eenheid v. hart & sin tussen Kinders v.d. Heer, omdat daar ander dinge is wat vir ons groter waarde gekry het as ons geloofsbelydenis:
„Ek glo in 'n heilige algemene Xt. Kerk, die gemeenskap v.d. heiliges"

Die probleem is eeue-oud. Vanaf die stigting v.d. eerste Xt. gemeentes het die moeilikhede ontstaan. Veral in die gemeente gestig in die stad Kolosse, in Klein-Asië, het

dit al baie gou 'n ernstige probleem geword sodat Paulus geroepe word om uit die gevangenis in Rome, hd. hartroerende pleidooi te rig ~~stuur~~ aan die gemeente in Kolosse om opregte eenheid in Xt. Jesus. Dit was 'n baie moeilike + netelige saak - soos dit vandag ook nog is - en soms lyk dit of dit onmoontlik is om dd. eenhd te verkry veral waar daar baie diepgaande verskille is. En tog skrywe P. vol van versekering + oortuiging hier:

"Maak dood julle lede wat op die aarde is ... en beklee julle met d. nuwe mens wat vernuwe word ~~tot~~ kennis na die beeld v. Sy Skepper, waar daar nie Gr. + Jood, besnedene + onbesnedene, barbaar, Scith, slaaf, vryman is nie; maar Xtus is alles en in almal.

Wat sien ons hier?

I Die Verskille wat Oorbrug moet word

II Die Persoon deur wie dit geskied

III Die Vrugte v. Waaragtige Eenheid

# I Die Verskille wat oorbrug moet word:

Paulus skrywe hier uit d. gevangenis in Rome a.d. gemeente te Kolosse nadat iemand hom berig gebring het dat daar ernstige verskille ontstaan het in d. gemeente wat ~~nie~~ gedreig het om die Xt. Kerk daar te skeur. N.B. Ons het hier dus nie te doen met geskille v. nie-Xtene nie, mr met 'n gebrek aan eenhd onder belydende ~~Xtene~~ Kinders v.d. Heer. § Om enigsins die erns v.d. saak te besef is dit nodig om iets te weet v.d. gemeente aan wie P. hier skrywe.

a) Dit was een v.d. gemeentes v. Klein-Asië waar daar beide Gr. + Joodse bekeerlinge tot die Xdom aan behoort het. ~~Xdom~~ Elkeen eie godsd.-gebruike: bes. + onb. ~~[illegible]~~ En omdat hulle mekaar nie kon verstaan nie – gevaar v. skeuring dreig – skryf P. + noem hy opsetlik:

Gr. & Jood

besnedene + onbesnedene

b) Verder ook hoogbeskaafdes, opgevoede K/groep langs doodeenv., alledaagse mense in d. gemeente. Ook daar moeilikhd. + d/lem: ~~[illegible]~~

barbaar – Sith — kon nie mekaar vind

nie so skerp

c) Mr. dit nog nie al. Dit was v. hd. selfde gemeente dat die slaaf Onesimus weggeloop het van sy baas Filemon. P. in d. gevangenis omdat hy die onreg v.d. posisie van hom as slaaf nie kon duld. Nou stuur P. hom terug & vra hy in sy brief by: In d. nuwe lewe ook nie meer

slaaf- vryman.

M.a.w. Ons het in hd. een gemeente 'n groep Xtene wat

(1) Verskil in volk (Gr. & Jd)

(2) Verskil in godsd. gebruik (besn. & onbes.)

(3) Verskil in beskawing, kultuur (b - Sc)

(4) Verskil in stand (slaaf- vryman)

Dit is die verskille wat oorbrug moet word as die Kerk & d. gemeente sy eenheid moes bewaar & nog altyd die roeping van Xtene. Onmoontlik sê ons! Is dit nie dieselfde verskille wat nog al die eeue deur ~~~~ skeiding gemaak het tussen Xten & Xten, wat botsing gebring het tussen Kinders v.d. Heer? Die vr kom dan ook op: Is dit enigsins moontlik dat die verskille ooit oorbrug sal word?

Kei ons opself na ons 2e gedagte:

## II <u>Die Persoon deur wie dit geskied</u>:

Paulus sê hier in die hfs. dat by die <u>wêreldkrig</u>, <u>die ou mens</u>, die <u>onbekeerde</u>, sal dd. twis & tweedrag altyd wees, omdat die verskille van volk & taal & kultuur altyd moeilikhd sal ~~maak~~ oplewer. // Mr voeg hy by, julle as Xtene mag nie so wees nie // Daarom sê hy ook in vs 5-8 so ernstig: - - . - - - - - - - & kom hy in vs 9-10 m.d. positiewe: - - - - - -. & voer hy dit tot klimaks, hfpt in die wde: <u>maar Xtus is alles en in almal.</u>

M.a.w. Paulus wys hier daarop & sê: <u>Al die verskille is daar</u> - <u>ek kan dit nie uit die weg ruim nie</u> - al my pogings sal misluk. Daar is <u>net één Persoon</u> deur wie die verskille kan oorbrug word: <u>Jesus Xtus</u>. <u>Hy & Hy alleen</u> kan die diep <u>kloof</u> tussen volk & volk, <u>tradisie & tradisie</u>, een beskawing & ander, <u>hier & daar stand oorbrug</u>! Mr. voeg hy daarby (en dit is vir ons die kern v.d. hele saak) Jesus kan dit alleen doen <u>as Hy alles is en in almal</u> m.a.w. twee voorwaardes:

(1) Ware eenheid tussen my & my mede Xten kan alleen kom dán w/neer Xtus <u>alles</u> is, w/neer Hy my <u>enigste</u> doel & strewe is, w/neer Hy my <u>enigste maatstaf</u> is, w/neer <u>Hy</u>

die een is wat al my geheime gedagtes & gevoelens bestier. Xtus Jesus moet alles [Oral Hom andra] wees vir my, in my & deur my.

Ar: Dra ons J. in in ons volkslewe, pol-, ekon- handel lewe?

(2) Ma nie in my alleen nie, ook in al my mede-Xtene se lewes moet hy wees: Alles in almal. Nie net ek alleen moet Jesus ken nie - ook almal rondom my wat met my een wil wees moet die één doel voor oë hê: Jesus Xtus!

Twee noods. voorwaardes.

Wat sê dit alles vir ons, geliefdes? Sê dit nie vir ons dat d. man gevolk wat nog met die een voet staan in die ou lewe van selfsug, knigelary, hoogmoed, eiegeregtighd, valshd, dat hulle in die pad staan van ware eenhd? Dat d. eenhd wat ons almal smag as Xtene nie mr. somar so 'n oppervl., ligvaardige, uiterlike ding is nie, mr. dat alleen Hy wat vernuwe is na die beeld v.d. Skepper dd eenhd kan smaak & kan bevorder?

Ons sien dus dat P. hier voorgestel 'n nie soseer 'n uiterlike eenhd maar diep innerlike geesteseenhd band wat elke Xtenbelyer aanmekaar bind aan watter volk of kultuur of stand so 'n Xten ookal mag behoort.

Mr. nou kom 'n baie emstige vraag op ~~wat~~ nl.:

// Moet alle skeidslyne tussen volk & volk, kultuur & kultuur, stand & stand, dan uitgewis word? Beteken die eenhd 'n absolute eenvormighd? Mag daar dan geen verskille meer wees nie?

Sekerlik is dit nie wat P. bedoel het nie omdat so 'n strewe sal uitloop op net een ding: // 'n ~~??~~ valse uiterlike vertoon van eenheid wat op die duur nie kan standhou. Sê nie: Glad nie meer Gr. & Jd

Baie eerder bedoel P. dit: Sê: Daar sal nog altyd verskille wees, gesonde verskille nog altyd omgbaar, 'n ryke verskeidenheid, elkeen sy bydrae, mr. Chs gee ons die hoër eenhd temidde v.d. verskeidenheid m.a.w. die ander aardse verskille kan daar wees, mr moet ondergeskik wees aan die één doel: J.X. – 'n Vyeb. bly nog vyeboom, muigerd-stok bly nog w/stok mr. ~~??~~ word oorgeplant uit die wilde woestyn na hemelse paradys deur die ~~??~~ ~~??~~ Groot Tuinman: J.X.

// ~~Dit~~ Grt vr. dus nie: aan watter aardse volk behoort ons nie, hoewel nie onwensk saak mr behoort ek aan die volk v God? Het ek my hoogste trou gesweer aan J.X.?

Ons wil afsluit: 8.

III <u>Die Vrugte wat die Eenheid Bring</u>:

Wat is die gevolg as Xt. geword het <u>alles</u> en in <u>almal</u>? Wat is die vrugte v.dd. eenheid? Wat is die gesondheid v.d. nuwe lewe in Xtus? Hoor wat sê P: vs 12 – 15. :– goedertierenheid, lankmoedigheid
– vergewensgesindheid
– liefde
– vrede.

Dit is wat die nuwe lewe in Xtus ons bring of behoort te bring: ons harte gevul met <u>liefde</u> teenoor God + ons medemens, ons lewes gekenmerk deur 'n <u>vrede</u> wat alle verstand te bowe gaan. En dit bind weer die band v. eenheid tussen Xten + Xten nog sterker, omdat nie meer ons leef, mr. <u>Xtus leef in ons</u>!

// Word ons meegedeel v.d. <u>eerste Xtene</u> ~~dat~~ dat ~~volg~~: „<u>Hulle hou die wêreld aanmekaar</u>" Waardeur? Deur hulle innige verbintenis met Xtus – en dit in 'n tyd toe die hele beskawing besig was om uitmekaar te <u>val</u>! Deel in <u>vreugde + ~~moment~~</u>

// Geliefdes, kan dit van ons as Xtene, as gemeente gesê word: <u>dat ons die wêreld om ons aanmekaar hou?</u> Nie deur

konferensies & verdrae & ooreenkomste wat tog meer akuut verbreek word deur selfsug & sonde ~~nie~~ deur ons eenheid in Xtus?

~~En is ons bang dat die eenheid met Xtus ons sal losmaak van ons eie? Dat ons die dinge in ons volkslewe sal moet afgee wat ons dierbaar is?~~

Sekerlik nie dit nie dat ons moet prysgee wat ons dierbaar is nie — alom is ons, soos P. sê, akuut verskillende lede v. die liggaam: elkeen met sy eie werk & roeping & bydrae. Maar die groot ding is dit: Bo die verskeidenheid v lede staan daar die hoër eenheid v.d. liggaam v. Xt. Jesus.

Br & S — Is dit ons erns om so te lewe? Is die gevaar nie daar dat ons as kinders v.d. Heer ons laat skei & skeur deurdat ons meer verbind is aan menslike instellinge as aan Xtus ons Heer? En dat d. duiwel sodoende sy doel bereik?

~~Sal ons dan nie, waar die wêreld dreig om die kudde v.d. Heer uitmekaar te ja in dié tyd sê~~

Laat ons by al ons verskille diep onder die besef verkeer: Ons as kinders v. God. [~~Ons roeping + taak — wat is dit dan?~~] moet verder sien as vandag nadiedag: ~~Laat ons die een deel stel~~ : Burger te wees nie soseer v. aardse kon?, as v.d. K. v.d. hemele, lede v.d. een liggaam, die Kerk v. Xtus, die gemeenskap v.d. heiliges.

„Waar daar nie Griek + Jood, besnedene + onbesnedene, b. + S., slaaf, vryman is nie maar Xt. is alles en in almal!

Amen.

Later:

- Ons hoogste lojaliteit moet aan God wees.
- Wat was Xtus: Nasionaal of internasionaal? Antw: Was eers individueel + dan universeel

# Eenheid in Xtus.

## Kol. 3: 1-14

Kol 3:11 - Maar Xtus is alles en in almal.

Laaste keer hd. jaar - as ek a.s. jaar weer hier kom baie van julle nie meer hier wees nie.

My boodskap v.o. 'n baie emstige - en 'n baie netelige. Miskien gaan sommige my kwalik neem - jammer wees - mr. voel ek kan nie anders nie. Moet daaroor praat.

Ding vafoor ek wil gesels iets wat u/a byna nie meer bestaan nie - eenheid in X ?. Paulus skilder hier Kol. 3:10, 11 die toestand wat moet heers: die Xt. godsd. reg uitgeleef eke Xten moet bind in eenhdstand wat al sy ander verskille oorbrug:

- verskil in ras (afr, Eng.)
- " " tradisie (kos. > oub)
- .. .. ~~Stand~~ geloof (Kart, Scith) ?
- .. .. stand (slaaf, vrym.)

N.B. Verskille bly nie uitgewis, mr. eenhd in X. meer werd as verskil.

V/dag: Skynbaar verder dw. as ooit vantevore:

① Feit dat ek aan seker volk behoort v. baie meer waarde as dat ek 'n Xten is (nasionalisme baie se godsdiens)

② Verskil in tradisie maak onoorbrugbare skeiding tussen volksgroepe

③ Verskil in stand

Hoe herstel? – Alleen volkome uitlewing v.X. se beginsels deur elke Xten.

Mr. is dit nog moontlik?

– Sien u nog kans om vyand lief te hê? Is ons vrondenstel om dit te doen?

– Kan ons nog kwaad met goed vergeld?

– Verdra & vergewe ons nog mekaar?

– Of is al d. dinge mr net holle frases? Mooi uitsb. woorde?

Die Uitdaging:

Die Uitlewing:

- Offers vra
- Hoef nie eie pnyste ge nie.